PREEK
SONDAG 2 MAART 2008
Ds Freddie Schoeman

Kom ons keer weer terug na die man wat deur die tier gejaag is. Weggehardloop vir die tier, by 'n krans afgeval, gegryp aan 'n tak – hang. Bo: Tier; Onder: skerp rotse. Sien toe naby aan hom 'n bos aarbeie – pluk en eet.

Vraag: wat stel 'n mens in staat om in so 'n situasie enige iets anders raak te sien as net jou vasgeloopte situasie – wat stel 'n mens in staat om in so 'n situasie *nuwe geleenthede* en *nuwe lewensmoontlikhede* raak te sien?

Wat gewoonlik gebeur is dat jou *vrees* jou verblind en immobiliseer. Daardie vrees en spanning, tap jou energie, ontneem jou van lewenskrag. Dit maak jou lewensmoeg. Gewone moegheid word herstel na 'n tyd van rus, maar lewensmoegheid – om moeg te wees van die lewe – is iets wat nie deur gewone rus genees kan word nie.

Lewensmoeë mense het hulle dryfkrag en energie verloor. Lewensmoeë mense is mense sonder uitsig en hoop – soos 'n langafstandatleet wat uitsak. Hulle sien geen uitkoms nie en word moedeloos en hoop-loos. Lewensmoeë mense is platgeslaan deur die lewe.

Oorsaak?

- Huwelik / Gesin
- Werk / Finansies
- Gesondheid: liggaamlike / emosionele pyn
- Land (God het Afrika verlaat)

As ons die soveelste misdaadberig lees. As ons lees oor die sotlikhede wat op ons land se kampusse aan die gang is. As die krag vir soveelste keer afgaan. As ons oor die soveelste slaggat ry. As ons met soveelste geval van burokratiese waansinnigheid te doen het. Idee: Alles val uitmekaar. Alles is besig om te versand. En dan sak ons moed sak in ons skoene – verloor hoop.

---ooo---000---ooo---

Boodskap: Die Here kom gee krag – krag om te lewe, krag om opnuut weer te hoop, rag om nuwe lewensmoed te skep.

Hoe? Deur gebed.

Fil 4: [6] *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* [7] *En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

Efesiërs 3 [16] *Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, ...*

Twee basiese vorms van gebed:

- Gebed in die binnekamer – alleen saam met God
- Gebed in 'n groep – gebedsgroep / openbare erediens

Beide is noodsaaklik, beide is kragtig.

- Beelde wat Psalm 23 oproep – bring ons waar groen weivelde is, by waters waar daar rus is, Hy verkwik ons siel – dis wat gebeur wanneer ons tye alleen saam met die Here deurbring.
- Gesamentlike aanbidding – inspireer ons mekaar. Om saam met ander gelowiges die Here se Naam aan te roep, sy lof te besing, saam ons geloof te bely, saam te bid en te aanbid – het 'n groot kragtige uitwerking op ons geloofslewe. Ons siele word gevoed, versterk en verryk deur gesamentlike aanbidding. Daarom is ons teenwoordigheid so belangrik. Liggaamlike teenwoordigheid saam met ander in die teenwoordigheid van die Here – inspirerend! (Mis mekaar as ons nie daar is nie.)

---ooo---000---ooo---

Hierdie krag niet net noodsaaklik om vasgeloopte situasies die hoof te bied nie, maar dit is ook noodsaaklik om nuwe geleenthede en nuwe lewensmoontlikhede raak te sien.

God het 'n droom vir ons- vir ons gemeente – vir ons gemeenskap en ons land. Die woord wat die Nuwe Testament gebruik vir hierdie droom is die woord Koninkryk. Hierdie Ryk van God kan beskryf word met drie woorde: Liefde, vreugde en vrede. Persoonlik – in ons harte –, maar ook 'n gemeente wat gekenmerk word deur liefde, vreugde en vrede – 'n gemeenskap en 'n land waarin daar liefde, vreugde en vrede heers.

Om hierdie droom waar te maak gebruik die Here vir jou en vir my. Gewone mense – Hy gebruik gewone mense om buitengewone dinge te doen. Verg geloofsmoed en geloofsdapperheid en geloofskrag. Veg teen 'n groot oormag.

- Vooroordele
- Haat en wreedheid
- Naywer, jaloesie
- Selfsug, magsug en hebsug

Hierdie oormag laat ons dikwels moed verloor. Die Here het destyds 'n droom gehad vir sy volk. Hy het hulle noodkrete in Egipte gehoor en Hy het hulle verlos. Maar dit was net een deel van sy droom. Verder wou Hy hulle lei na 'n land toe waar dit oorloop van melk en heuning.

Wat gebeur? In Numeri 13/14 lees ons 'n aangrypende verhaal – die land is dáár om geneem te word – maar hulle is te bang. Vrees immobiliseer mense.

Realisering van God se droom word gekniehalter deur Christene wat opgehou om te droom of te bang geword het om te droom. Wat lamgelê word deur vrees. Wat hulle geloof verloor het – wat hoop-loos geword het. Dan gaan die Here se droom by ons verby.

Die Here wil geloofsmoed, geloofsdapperheid en geloofskrag vir ons gee. Hy doen dit deur gebed. Josua en Kaleb was reg gewees – die Here is by ons, moenie bang wees nie!

Snit:" …pure naked hope."

For weeks you see nothing but the horizon
Perfect and empty
You live in the grip of fear
Fear of storms
Fear of sickness on board
Fear of the immensity
So you must drive that fear down deep into you belly
Study you charts
Watch your compass
Pray for a fair wind
… and hope.
Pure, naked, fragile, hope

Om die Here se droom vir ons en ons gemeenskap na te jaag is om 'n oseaan oor te steek. Baie gevare. Nie maklik nie. Druk die vrees af – en jy hou vas aan die droom.

Hebreërs 11 – vertel van 'n klomp mense wat vasgehou aan God se droom. Almal moes opofferings maak in die proses, sommige het 'n hoë prys betaal. Baie van hulle het gesterf voordat die droom waar geword het.

God se droom is nie iets wat more of oormôre of volgende week of binne die bestek van 40 dae bereik word nie.

Moet langtermyn kyk – soos die mense van Hebreërs 11. Verder kyk as net hierdie jaar – drie jaar; vyf jaar, vyftig jaar – 'n tyd wanneer die meeste van ons nie meer hier is nie – dan sal die Here se droom nog steeds daar wees.

Na hierdie tyd van veertig dae begin die harde werk éérs! Reeds ongelooflik harde werk ingesit deur baie – maar dit is maar net die begin!

Ons – wat nou hier is – moet nou doen wat nou nodig is. Die droomspan se werk hou nie op na hierdie veertig dae nie. Gaan aan – uitnodiging om aan te sluit, deel te word van die span.

Wat is God se droom? Ons droom van 'n gemeente …

- waar elkeen hulle verheug in God se liefde, mekaar onvoorwaardelik aanvaar en vergewe en wat God se liefde vertoon.
- wat funksioneer soos 'n huisgesin – 'n huisgesin waar almal vertrou op die Vader om te sorg; wat vir mekaar as broers en susters sorg en wie se deur altyd oopstaan vir enige iemand om in te kom
- wat mekaar versterk in hulle verhouding met die Here
- wat mekaar help te ontwikkel in hulle menswees
- wat God se droom vir die wêreld verstaan, en dienooreenkomstig hulle lewensroeping verwesenlik.